kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 280

Here, Redder, groot en magtig,
U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade
het U ook ons hand kom vat.
Heer, u leiding bring bevryding
U het ook my hand kom vat.
U het ook my hand kom vat.

Lei my, Heer, na dié bestemming
in u Woord my opgedra.
Laat my leef en werk met vreugde
want dit sal volharding vra.
God my Here – U is Here!
Vas kan ek op U vertrou.
Vas kan ek op U vertrou.

Woorddiens

Tema: Wie is jou naam? Wat beteken dit vandag om die Here te ontmoet?

Skriflesing: Lukas 8:26-39

Broodjies vir die pad

"1) I love you not for whom you are,
but who I am when I'm by your side.
2) No person deserves your tears,
and who deserves them won't make you cry.
3) Just because someone doesn't love you as you wish,
it doesn't mean you're not loved with all his/her being.
4) A true friend is the one,
who hold your hand and touches your heart.
5) The worst way to miss someone is,
to be seated by him/her and know you'll never have him/her.
6) Never stop smiling not even when you're sad,
someone might fall in love with your smile.
7) You may only be a person in this world,
but for someone you're the world.
8) Don't spend time with someone,
who doesn't care spending it with you.
9) Maybe God wants you to meet many wrong people,
before you meet the right one, so when it happens you'll be thankful.
10) Don't cry because it came to an end,
smile because it happened.
11) There will always be people who'll hurt you,
so you need to continue trusting, just be careful.
12) Become a better person and be sure to know who you are,
before meeting someone new and hoping that person knows who you are.
13) Don't struggle so much,
best things happen when not expected."
— Gabriel Garcí-a Márquez

En steeds het ek nie 'n dag en 'n datum nie

Dana Snyman

Ek blaai deur ou lêers. Haal uit. Smyt weg. Ek wil lig leef. Dan kom ek af op 'n dokument wat ek al vergeet het ek het: 'n getuigskrif van die NG Kerk. Netjies getik op 'n amptelike briefhoof.

"Heil die leser," skryf ds. J. van Deventer op 3 Oktober 1980. "Hiermee getuig ek die onder-getekende leraar van die NG Kerk dat Daniël Petrus Boshoff Snyman, gebore op 04.10.1962, aan my baie goed bekend is."

Ek wás goed aan ds. Van Deventer bekend, want ek was in sy finalejaar-katkisasieklas op Nylstroom, nou Modimole, waar ek in die koshuis was. Ds. Van Deventer het my in die kerk aangeneem, en die Sondag toe ons aan die gemeente voorgestel is, het hy die diens gelei.

Iewers moet ek nog 'n foto hê van ons klomp finalejaars wat ná die diens saam met ds. Van Deventer op die kerk se trappe staan.

Ek in 'n poeierblou driestukpak wat Pa-hulle spesiaal by Coquis Mansuitrusters in Pretoria vir my gaan koop het.

Ek wens ek het nog my katkisasieboek gehad – die finalejaar-een. Ek sal weer wil sien wat het ons in die katkisasie geleer. Een van die eerste lesse het gegaan oor die Dordtse leerreëls. Ek kon nie mooi verstaan wat het die Dordtse leerreëls met Jesus te doen nie, maar ek het stilgebly daaroor.

"Ek het Daniël leer ken as 'n toegewyde en oortuigde Christen met 'n hartlike persoonlikheid," skryf ds. Van Deventer in die getuigskrif. "Hy kom uit 'n gesin met besondere kwaliteite."

Kort voordat ons aangeneem is, moes ons elkeen afsonderlik met ds. Van Deventer gaan praat. Ek onthou hoe op my senuwees ek was die middag toe ek pastorie toe gestap het.

Ons het geweet daar is een vraag wat ds. Van Deventer jou gaan vra: Is jy 'n wedergebore kind van die Here? Ek was nie mooi seker wat om te antwoord nie.

Ek het tot bekering gekom. Half en half. Kortstondig. Op 'n avontuurkamp in standerd ses. Daar was 'n oom wat ons banggemaak het met die hel, toe gaan sê ek vir hom ek wil my hart vir die Here gee.

Toe laat huil hy my en ek bely sondes wat ek nie eens geweet het ek het nie.

Maar gou toe vloek ek weer en slaap nie meer met my hande bo die komberse nie. Maar toe sê my maat Stoffel Venter sy ma

sê jy hoef nie ’n dag en ’n datum te hê waarop jy tot bekering gekom het nie.

Ek dink dís wat ek ook daardie dag vir ds. Van Deventer gesê het: Ek het nie ’n dag en ’n datum nie. Ek het steeds nie ’n dag en ’n datum nie. Trouens, party mense wat sê hulle het ’n dag en ’n datum maak my bang met hul sekerhede en vinnige oordele.

Ek het al vir jare aaneen kwaad uit die NG Kerk weggebly, maar ek is nie meer kwaad vir die kerk nie. Die kerk verander, en woede maak van jou iets minder as wat jy kan wees.

Ek het nie ds. Van Deventer se getuigskrif weggesmyt nie. Ek wil lig leef.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/en-steeds-het-ek-nie-n-dag-en-n-datum-nie-20190516-2

“The people who know God well—mystics, hermits, prayerful people, those who risk everything to find God—always meet a lover, not a dictator.”
— Richard Rohr, Everything Belongs: The Gift of Contemplative Prayer

“Some people in this world have stopped looking for beauty, then wonder why their lives are so ugly. Don't be like them. The ability to appreciate beauty is of God. Especially in one another. Look for beauty in everyone you meet, and you'll find it. Everyone carries divinity within them. And everyone we meet has something to impart.”
— Richard Paul Evans, Miles to Go

“Is that "great cloud of witnesses" watching my way so as to judge or is it informing my way so that I may walk it? Do they hide the light so that I cannot see it or do they filter it so that its blaze will not blind me? Can a man see God face to face and live? Can I not see an eclipse better through a pinhole in a paper than without it?
We can't so much see light as we can see things because of it. So I do not meet God in a vacuum -- I meet Him in the world He has provided for me to meet Him in -- in a world of events and of places, of history (time and space), in a world of lives of people and their records of their encounters. I meet God in this world -- in the world of these things...
...and this is the world as best as I can remember it.”
— Rich Mullins

Brood vir die pad

Om ’n bietjie Groucho én Chico te wees

Wilhelm Jordaan

Toe iemand my onlangs vra of ek ’n gunsteling-filosoof het, was my dadelike antwoord “ja”. Eintlik vyf, en hulle is ’n span, ’n komediantespan – die broers Chico, Harpo, Groucho, Zeppo en Gummo Marx.

“Jy maak seker ’n grappie? Hulle is mos nie filosowe nie.” Hulle ís. En dis maklik om te verduidelik.

Sommige komediante soos die Marx-broers en vele ander in die gedaante van sirkusnarre, grapskieters, hekelaars en spotprenttekenaars verstaan die kuns om menswees deur komiese kwinkslae te ontmasker.

Hulle verstaan hoe om jou “funny bones” te laat tintel én jou tot nadenke te stem.

Soos dit na vore kom in dié gesprek tussen Groucho en Chico in A Night at the Opera:

Groucho (opgewonde): “I’ve got something here you’re bound to like.”

Chico (met ’n skeptiese, norserige frons): “No, I don’t like it.”

Groucho: “You don’t like what?”

Chico: “Whatever it is, I don’t like it.”

Groucho se ingesteldheid herinner aan die mens wat met ’n wye, oop venster na die wêreld kyk – altyd gereed om, sonder huiwering, die nuwe, die vreemde, die ongewone en die radikale te omhels.

Sulke oopheid kan maak dat jy jou onkrities oorgee aan die ekstase van elke volgende meevoerende lewensoomblik.

Sonder nabetragting word nuwe dinge aangegryp en hoog geprys én kort daarna laat vaar. Dít word ’n soort narkotikum teen die sleur van gewoonheid en roetine.

Chico, daarenteen, herinner aan die soort mens vir wie beskutting teen ’n onvaste wêreld belangrik is. Eerder die sekerheid van tradisie en vaste gebruike as te veel nuwigheid.

Dit geld, à la Chico, haas alles: Moenie nuut dink of praat oor God nie; moenie met my Afrikanerskap peuter nie; oor hierdie saak staan my mening vas; postmodernisme is gif vir die denke; vandag se kinders het geen waardes nie, enso(staanvas)voort.

Vir hierdie soort mens lê lewensheil in die bewese sekerhede van dogmatiese waarhede oor hoe die lewe is en hoe jy staande kan bly as alles om jou verander.

Met angstige desperaatheid klou jy dan vas aan die illusie van ’n betroubare wêreld.

Tussen dié uiterstes van ’n Groucho en ’n Chico is daar iets anders – ’n lewensblik en -styl wat jou onbevange, maar krities oopstel vir die menslike werklikheid se baie soort gedaantes.

Dit is die mens wat dit regkry om vas te hou aan dit wat bewese waarde het én om krities die grense te verskuif ter wille van nuwe moontlikhede. Om as’t ware lewenslank, en versoenbaar só, ’n bietjie Groucho én ’n bietjie Chico te wees.

Wie hierin volhard, vind algaande die insig dat ’n mens méér mens word in die opgelegde verpligting om sagter, vraender, vriendeliker, respekvoller en versoenender met mense se uiteenlopende werklikhede om te gaan.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-n-bietjie-groucho-en-chico-te-wees-20190618-2

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

“May the road rise up to meet you, may the wind be ever at your back.
May the sun shine warm upon your face and the rain fall softly on your fields.
And until we meet again, may God hold you in the hollow of his hand.”
— Irish Blessing

---

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877